PREEKOPSOMMING

Tema: **Moeilike tye.**
Teks: 1 Samuel 27:1-12.
Teksvers: ***"Dawid het by homself gedink: ek sal nog eendag deur Saul omkom. Daar bly vir my niks anders oor nie as om uit te wyk na die land van die Filistyne toe. Dan sal Saul ophou om langer oral in die gebied van Israel na my te soek. So sal ek van hom af wegkom."***
(1 Samuel 27:1)
Datum: 1 Februarie 2009.
Prediker: Dr Johan Kruger (Tel: 0573882526/0842568031)

Twee vrae van belang
Wanneer ons oor moeilike tye praat, is daar twee vrae wat ons saam moet vra:
- ***Wat is die impak wat moeilike tye op jou lewe het?***
- ***Hoe moet jy moeilike tye hanteer?***

Moeilike tye gedefinieer
Die bekende Afrikaanse sanger, André Swiegers sing 'n kermerige blues-lied met die titel ***"Jammer om te hoor"*** van die tipiese moeilike tye wat mense beleef. In die lied dink hy aan 'n paar mense se droewige omstandighede terwyl hy agter 'n lorrie se swart rook ry. Hy dink aan Faan, die begrafnisondernemer wat 'n "company"-kar gekry het en niks anders is as 'n groot swart lykswa. Anna verwag haar sesde kind terwyl haar man steeds "soek" vir werk en heeldag na sy vyf kinders kyk oor 'n bottel bier. George is weer deur die bank "gehelp" deur sy kar weg te vat en ook sy huis terug te neem. En dan dink hy ook aan Nellie wiese kop haar gelos het en wat toe 'n "shrienk" gaan sien het. Maar Nellie se geval was so erg dat die "shrienk" homself geskiet het. En so sing André Swiegers oor moeilike tye. Maar moeilike tye hoef nie altyd iets te make hê met werkloosheid, of finansiële skuld, of 'n siekte, of 'n swanger tiener of alkoholprobleme nie. Moeilike tye kan enige situasie of omstandighede wees wat jou normale gang van die lewe versteur of bemoeilik.

Die impak van moeilike tye
Moeilike tye het verskillende uitwerkings op verskillende mense. Dit kan die volgende wees:
1. Moeilike tye neem glimlagte weg. By meeste mense neem moeilike tye die vreugde uit hul lewens uit. Mense wat moeilike omstandighede ervaar loop kop onderstebo, kyk heeltyd op die grond, raak depressief en hou om te glimlag.
2. Moeilike tye veroorsaak geloofsletsels. By sommige mense het moeilike tye 'n direkte invloed op hul geloofslewe. Hulle vra dan eerste: ***"Waar is God?"*** En tweede vra hulle: ***"Het God my nog lief?"*** As hulle God se teenwoordigheid so moeilik ervaar en sien in hul omstandighede, dan twyfel hulle aan God se liefde vir hulle. Die gevolg is: Hulle kyk swartgallig na die toekoms, want as God nie nou by my is nie hoe gaan ek Hom kan ervaar in die toekoms.
3. Moeilike tye neem ritme weg. By sommige mense versoorsaak moeilike tye dat hulle hulle lewensritme verloor. Waar hulle elke oggend half sewe opstaan vir die dag, sukkel hulle om uit die bed uit te kom. Hulle beweeg stadiger en sekeres raak net passief.
4. Moeilike tye versuur verhoudings met mense. By sommige mense het moeilike tye 'n geweldige negatiewe impak op hul verhoudings. Dit het ons almal ervaar. As dit moeilk gaan waai redelikheid en liefde by die agterdeur uit.

1 Samuel 27 as voorbeeld van verkeerde hantering
1 Samuel 27 is 'n uitstaande gebeurtenis hoe Dawid verkeerdelik sy moeilike tye hanteer het. Saul is soos 'n besetene agter Dawid aan om hom dood te maak. En 600 manne en hul

vrouens en kinders is saam met Dawid. Op die vlug om weg te kom van Saul en sy manne doen Dawid juis dit wat hy eintlik nie moes doen nie. Hier is enkele van sy foute uit 1 Samuel 27:

I. Dawid fokus op Saul. Dawid dink (vers 1) dat die beste ding wat hy nou kan doen is net om weg te kom van **Saul**. Hy fokus nie op God nie. Hy hang Saul se "poster" op teen sy muur en hy dink die heeltyd aan wat Saul vir hom gesê het. Dan sê Dawid in vers 1: ***"...ek sal seker nog deur Saul omkom."***

II. Dawid fokus op die dood. Dawid fokus op die ergste wat met hom kan gebeur. Dit is snaaks hoe kreatief ons in moeilike tye ook kan dink aan die ergste ... wat alles met 'n mens kan gebeur en wat alles nie kan gebeur nie. Dit is so eienaardig – ons lees dat toe Dawid die eerste keer die magtige Filistyne moes trotseer (1 Samuel 23:2) het hy op God gefokus en die Here geraadpleeg vir hulp. In vers 4 van 1 Samuel 23 voel hy minderwaardig en ombekwaam en dan praat hy eers met God daaroor. En weer toe Dawid deur die Amalekiete aangeval is (1 Samuel 30:8) vra hy dadelik hulp van die Here. En toe Dawid wonder wat hy moes doen na Saul se dood in 2 Samuel 2:1 raadpleeg hy dadelik eers die Here. En weer in 2 Samuel 5:19, toe Dawid koning word en die Filistyne teen hom optrek, raadpleeg hy eers die Here. In al daardie moeilke tye was God se nommer op Dawid se speeddial-list en was hy dadelik in kontak met God. Maar hier in 1 Samuel 27 praat Dawid eers met Dawid.

III. Dawid raadpleeg homself. Dawid praat eers met Dawid. Soveel kere voorheen het Dawid mede-gelowiges geraadpleeg. Toe Saul hom die eerste keer wou aanval, raadpleeg hy vir Samuel. Later soek hy raad by die priesters van Nob en Jonatan. Maar hier in 1 Samuel 27 vra Dawid raad by Dawid. En die raad wat hy homself gee is: ***"Ek sal omkom. Ek sal sekerlik dood gaan."***

IV. Dawid skuil by die vyand. Sy volgende raad aan homself is om te gaan kamp opslaan en by die Filistyne (die vyand) te gaan skuiling vind. Vergelyk verse 2-4. Dawid gaan vind skuiling by die vyand – 'n land van afgode en waar valse gode met oorgawe gedien word. Hy vind verligting in die agterplaas van Satan. En nou voel hy verlig want Saul jaag hom nie meer nie. Daar is baie goed wat ons in moeilike tye kan doen wat verligting gee – maar dit is tydelik. Om te kamp op te slaan in die Duiwel se agterplaas bring verligting, maar dit is tydelik. Dit is tog die waarskuwing van Spreuke 14:12-13: ***"Daar is 'n lewenswyse wat vir 'n mens reg kan lyk, maar die uiteinde daarvan is die dood. 'n Mens kan lag terwyl hy treur, die uiteinde van vreugde kan kommer wees."*** Dawid moes dit leer. Maar Dawid se moeilike tye raak net moeiliker. Hy onderhandel met Akis om in 'n nedersetting te woon. Akis wou in ruil Dawid se hulp hê om oorlog teen Saul te maak. Leuens op leuens probeer hy sy wandade toe maak. In 1 Samuel 30 lees ons dat sy eie manne hom wou dood gooi met klippe. Hoe jy jou moeilike tye hanteer het 'n geweldige invloed en impak op hoe jou lewe verder verloop. Deur eenvoudige moeilike tye verkeerd te hanteer kan jou duur te staan kom.

Die regte hantering van moeilike tye

Hoe moet jy moeilike tye hanteer? Die antwoord is eintlik eenvoudig: Moenie soos Dawid in 1 Samuel 27 maak nie. Wat jy moet doen is:

1. Wees haastig om te bid. Hou dadelik op om met jouself te praat en vir jouself raad te gee. Praat met die Here. Vergelyk weer die uitnodiging in Matteus 11:28 en die belofte van die Here in Jakobus 1:5.

2. Kry raad en ondersteuning by mede-Christene. Sorg dat jy altyd mede-Christene om jou het op wie jy kan steun en vir wie jy raad kan vra. Inskakeling by 'n kleingroep of Bybelstudie groep is daarom so noodsaaklik.

3. Hou aan – moenie tou opgooi nie. Al gaan dit hoe moeilik; hou aan om aan die Here vas te hou en Hom te dien. Hou aan om te bid – al lyk dit asof niks gebeur nie.

Mag die Here jou seën ... ook in jou moeilike tye.